

22 Maart_2 Korintiërs 2 & 3

GEBED - Jörg Zink

Here,

U het Lasarus, u vriend,

uit die grafspelonk geroep:

Kom uit!

En hy het gelewe.

Spreek ook tot my siel: Kom uit!

Ja, Here, ek kom.

Ek kruip nie weg vir U oordeel nie.

Ek kom met leë hande,

maar ek hoor u roepstem.

U, die Lewende, gee lewe.

U, die Lig, oorwin alle duisternis.

U, die Waarheid, verban alle waan.

U, die Liefde, maak vry van alle vrees.

Aan U behoort ek in die lig van die dag

en in die donkerte van die nag.

Bewaar my ingang en my uitgang

nou en in ewigheid. AMEN

SKRIFLESING

2 Kor 2:14 Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur.

2Kor 2:15 Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan.

2Kor 2:16 Vir dié wat verlore gaan, is dit 'n doodsreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe wek. En wie is tot sulke dinge in staat?

2Kor 2:17 Ons, omdat ons nie is soos baie ander wat geld maak uit die woord van God nie. Ons verkondig die woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God.

2Kor 3:1 Begin ons weer onself aanprys? Of het ons miskien, soos party ander mense, aanbevelingsbriewe aan julle of van julle nodig?

2Kor 3:2 Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan.

2Kor 3:3 Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie maar op die harte van mense.

2Kor 3:4 Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God vertrou.

2Kor 3:5 Uit onself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God,

2Kor 3:6 wat ons bekwaam maak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.

BOODSKAP

Elkeen van ons vanoggend is aansteeklik! Die mense wat langs jou sit is aansteeklik. Jou gesin, kind, man/vrou, kollegas, vriende en vreemdes is aansteeklik! Elke persoon wat jy ontmoet of met die hand groet, het die potensiaal om jou aan te steek. Jy kan dalk net kry wat hulle het.

Natuurlik beteken dit ook dat jy aansteeklik is. Dis egter belangriker om te vra waarmee jy ander mense aansteek? Waarmee steek jy jou kinders aan? En jou ouers, vreemdes en kollegas? As hulle met jou kontak gemaak het, wat neem hulle verder van die kontak? Ons steek mekaar aan met ons **woorde, gesindhede en optrede**. Ons het 'n invloed op mekaar!

Sommige vorme van aansteeklikheid is potensieel dodelik! Wat ons mekaar mee aansteek is dodelik vir die gemoed, gedagtes, spiritualiteit, toekoms, verhoudinge, selfbeeld en baie ander fasette van ons lewe. Gelukkig is dit waarmee ons mekaar aansteek nie net ongesond nie, maar dit kan genesend en lewegewend wees!

As ek na die verspreidingskaarte van die wêreld kyk, hoe die Corona Virus versprei, besef ek ook dat baie ander invloede so versprei word. Dit versprei ook maklik soos 'n veldbrand.

Met persoonlike kontak, die internet, sosiale media en reise wat mense onderneem vloei idees, gedagtes, emosionele impak vinnig oraloor.

Hierdie teksgedeelte wemel van metafore van positiewe invloed:

2 Kor 2:14a Triomftog

“Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus.”

Die agtergrond is die van ‘n oorwiningsparade nadat ‘n veldslag gewen is. Die generaal stap met sy soldate deur die strate met die gevange vyand wat gewoonlik kaal en vasgemaak verneder word. Die optog stop meestal by die tempel van Mars, die god van oorlog waar offers gebring word. (soms selfs van die gevangenes geoffer word!)

Nou gebruik die teks hierdie bekende gebeure om te vertel dat Christus ons meevoer in sy triomftog na sy oorwinning. Ons deel dus in Sy oorwinning en kan hierdie oorwinning deel van ons lewe maak. Waar ons kom kan ons die oorwinning aansteek. Of leef ons soos mense wat verloor het?

**** tydens elkeen van die metafore is dit duidelik dat Christus ons in staat stel om die invloed uit te oefen. Dis duidelik, heir dat Christus oorwin en dat hy ons laat deel in sy oorwinning!*

2 Kor 2:14b-15 Wierook (Triomftog beeld beweeg na Wierook)

“Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos ‘n aangename geur.

Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan.”

Die tweede beeld van invloed is dat ons ervaringskennis van Christus op alle vlakke (nie net kognitief nie) versprei. Die vraag is dus of mense wat met ons kontak gehad het aangesteek is deur die aangename geur van Christus? Voel en ervaar hulle die lewe as hulle ons woorde hoor en daede sien? Natuurlik hou nie almal van die hierdie goeie/blye boodskap nie. Vir hulle ruik dit nie goed nie. Die invloed wat versprei word is Christus self! Dat mense deur ons lewens iets van Christus “ruik”!

*** *Let weer op: Christus laat ons die aangename geur versprei. Ons skep nie die geure nie. Christus steek die wierook in ons aan.*

2 Kor 3:2b-3 Aanbevelingsbrief van Paulus wat oorgaan in 'n Brief van GOD

“Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan. Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie maar op die harte van mense.”

Ons lewens het invloed wat mense in ons lewens lees waar ons ook al kom. Die impak van die invloed is soos briewe wat mense lees. Die woorde is nie op klip geskryf nie maar op ons harte, wat die sentrale oriënteringspunt van ons lewens is. Dit beteken dat die GEES ons diepste wese aangeraak het en daarop die boodskap geskryf het.

Elkeen van ons se lewe is 'n Evangelie:

Ons lewe 'n hoofstuk elke dag

Die mense rondom ons lees

'n hoofstuk uit ons lewe.

Elke daad en gesindheid

is nog 'n sin in ons Lewensevangelie.

Hoe lyk die Evangelie volgens Jou?

*** *Weer eens word beklemtoon dat die invloed nie uit ons eie is nie maar die Gees wat dit in ons doen.*

2 Kor 3:5-6 Bedienaars

“Uit onself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.”

Die manier en styl waardeur ons 'n impak het is as bedienaars. Maar weer eens baie, baie duidelik dat dit nie uit onself kom nie. God gee die gawes waarmee ons bedien!

Bedienaars is fyn ingestel op die behoeftes van die mense wat bedien word. Die aard van

die boodskap is nie wetties(letter) nie. Die Gees gee genade, lewe en vryheid. Die vraag is dus of mense na kontak met ons vryer is of word hulle net meer gebind?

**** Weer eens kom die invloed nie uit onself nie. Die Gees maak ons bekwaam om dit te doen!*

2 Kor 3:5-6 Spieël van GOD

“Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”

Mense wat met ons kontak het sien en ervaar die beeld van Christus. Hulle ervaar “heerlikheid”. Daar is die vars lug en die lig van God se genade en bevryding. Waar ons kom word duisternis verdryf! Interessant dat die teks vertel dat hierdie invloed selfs meer en meer toeneem!

**** Weer eens word beklemtoon die invloed kom van die Gees!!! . Dit doen die Here wat die Gees is!!!*

Al die metafore beklemtoon dat ons deur God se Gees in staat gestel word om ‘n beduidende invloed uit te oefen as:

- Triomftog,
- Wierook,
- Briewe,
- Bedienaars en ‘n
- Spieel van Christus

Hierdie invloed kan eers genesend inwerk as jy daardeur genees is. Soos wat jy die oorwinning integreer, en die genade ontvang, die goeie nuus jou eie maak, Christus se gawes ontvang en sy lig in jou lewe sien, kan jou lewe in GOD/uit GOD ‘n genesende invloed uitoefen wat werklik ‘n verskil maak!

Hy gebruik ons nou om sy geur te versprei om sy oorwinning oral te vestig.

LET OP die styl van invloed: Dis nie voorskriftelik nie, om 'heelyd oor alles negatief nie, nie heelyd te veroordeel nie, of oor alles te kla nie, maar om 'n aangename geur te versprei.

Om Christus vir mense teenwoordig te wees!

Jou invloed meer lewe bring vir elkeen met wie jy in kontak kom: hulle lewe meer aangenaam, dieper en ryker maak!

- Elkeen van ons het 'n sirkel van belang en 'n sirkel van invloed waarin ons leef. Die sirkel van belang is alles wat ons lewe raak, ons sirkel van invloed is waar ons 'n invloed uitoefen.
- As jy heelyd 'n negatiewe invloed uitoefen maak jy jou eie sirkel van invloed kleiner. Mense wil nie by iemand wees wat ander aftrek, en afbreek en negatiewe uitkyk lewe nie.

Mense/Christene met negatiewe invloed

Daar is soveel dinge wat mens oor bekommerd is, maar oor baie dinge het jy nie beheer of invloed nie. Natuurlik help dit om erengie in te sit in sirkel van invloed.

Negatiewe mense sien net Negatiewe: veroordelend, slegs afbrekend, slegs slegte raaksien: veral in nader mense, gedurig uit op 'n heksejag, Leef 'n moenie-dit-nie moenie-dat-nie lewe.

En wat is die Negatiewe reaksie van gemeenskap? Hulle beleef hoogmoed van Christendom, beteweterigheid, geen beter voorstel slgs 'n negatiewe veroordeling,

Sommige mense se Christenskap bestaan daaruit om net teen alles te wees. Dit is vir hulle om maar net sekere dinge nie te doen nie. Gewoonlik maak hulle dan 'n lysie van sekere dinge wat mens nie mag doen nie! Hulle hele lewens ingesteldheid is om teen alles te wees. Hulle geluk en sekerheid vind hulle daarin dat hulle nie hierdie lelike dinge doen soos die ander mense nie!

Christene met positiewe invloed

Christene is nie morbidie negatiewe mense wat oor alles en kla nie! Christene het die lewe lief en gaan voluit om hulle merk op die samelewing te plaas!

Sien die potensiaal sowel as die probleme. Wys nie net foute uit nie, gee ook beter oplossings! Wees Christus vir hulle teenwoordig!

Daar waar Christene beweeg moet ons verskil maak. En ons kan 'n verskil maak! Sommige mense word positief beïnvloed of deur ons geseën. Die wêreld het die seën van die Here so nodig! Die woord “inspirasie” kom van die woorde “in en spirit”. Om mense te inspireer, is om God geleentheid te gee om mense deur jou aan te raak.

Hierdie kernaspek om 'n invloed uit te oefen is ons roeping.

U kan dalk vra: Kan ek 'n verskil maak? Natuurlik! Elkeen van ons kan in die wêreld waar ons beweeg seën van God uitdeel!

PAULUS demonstreer dit in die praktyk in hoofstuk 1 en 2. Eers fokus hy volledig daarop om vir die Korintiërs “ja” te sê, soos Christus vir hulle “ja” sê (nie ja-nee of nee nie). Dan verklaar hy dat hy vir hulle geluk wil bring! Hy gaan verder deur te vra dat hulle sy teenstander in die gemeente met meegevoel, genade en vergifnis moet benader .

Uitreik is nie net as jy saam met kategeseklas uitstappie doen nie, ook as jy vriende of gesin beïnvloed. Of die vreemdeling op straat. Gemeentes meet meestal hulle uitreik beding aan hoeveel aksies daar geloods is. Die eintlike toets is dat lidmate toegerus word om elke dag en elke oomblik so te leef! Elke lidmaat. Daarom is uitreik aksies nodig soos oefening voor die groot wedstryd wat voorlê. Maar die eintlike wedstryd is wanneer ons in daaglikse lewe wierook is wat aangename geur versprei of nie.

Wat gebeur is dat iemand anders se lewe word aangeraak en selfs verander!

Leef positief! : Interpreteer en beoordeel die lewe positief.: Sien jy probleme of sien jy geleenthede?

Jy word gestuur om sout en om lig te wees. Jy moet in wêreld van donkerte gaan lig bring! Jy moet sout wees!!! Om in wêreld sonder geur weer geur en smaak te gee! Wat jy ook al doen tuis, by vriende by die werk of by vreemdes, jy word gevra om lig en sout te wees. Die

Beste Nuus van die Evangelie te versprei. Dit is die styl waarop ons die wêreld penetreer!!!
Nie deur vingers te wys en vuiste hoog te hou en alma aan te val nie. Ons doen dit deur
diens, smaak te gee en lig te bring!

Dink net hoeveel mense jy op 'n dag soos vandag ontmoet!
Wat dink jy is jou invloed op mense met wie jy kontak het?
Dink jy dat jy waarde toevoeg tot hulle lewe, 'n positiewe invloed wat opbou?
Jy is ook aansteeklik!!! Vraag is egter waarmee steek jy ander aan? Voeg jy waarde toe met
jou invloed!
Amen

GEBED - Richard Foster

Here God
Ek sit hier voor u met gemengde emosies en motiewe.
Ek verstaan myself nie aldag nie.
Die een oomblik aanbid ek U;
die volgende oomblik swaai ek my vuiste hemelwaarts en vra ek: "Waar is U?"
Die een oomblik help ek my medemens met alles in my;
die volgende oomblik kom ek iemand te na.
Die een oomblik gun ek my buurman die beste en kry ek hom jammer dat hy swaarkry;
die volgende oomblik is ek jaloers as dit met hom begin goed gaan.
Ek weet nie aldag wie ek is nie.
Maar Here, wie ek ook al is, ek weet dat ek U s'n is.
En ek dank U dat u my aanvaar, met al my teenstrydighede en komplekse mengsel van
motiewe.
Daarom sal ek nie voor u sit en voorgee wat ek nie is nie, maar myself voor u oopstel.
Daarom sal ek ook nie weghardloop van u teenwoordigheid nie, omdat ek weet: in u
teenwoordigheid word ek gesond.
Lê u vaderhande op my en op ons en seën my, seën ons.
Amen

